## VIR DIE HOëRSKOOL

Die Redaksie het hierdie rubriek ingestel met die bedoeling om aan hoërskoolonderwysers en onderwyskollegedosente en universiteits-opvoedkundiges of -vakmanne die geleentheid te gee om agter-grondmateriaal van inhoudelike aard en idees oor metodes, tegnieke, leerganginhoude te verskaf en hierin kenbaar te maak. Ons sou graag wou sien dat menings oor die onderrig van geskiedenis hierin gewissel word. Hieronder word 'n lesing oor geskiedenis in verkorte vorm opgeneem. Dit is deur die Kaaplandse Direkteur van Onderwys, mnr. P.S. Meyer, op 7 Desember 1974 gehou as openingstoespraak op *Die Burger* se Jeugleiers-konferensie. Dit het verskyn in genoemde koerant op 9 Desember 1974 en is begelei deur 'n inleidingsartikel wat 'n vraag oor vernuwing stel.

Belanghebbendes word uitgenooi om saam te besin en gedagtes daaroor in hierdie rubriek te wissel.

*I. Geskiedenis: 'n vernuwing?*

Kaapland se nuwe Direkteur van Onderwys, mnr. P.S. Meyer, het by die opening van Die Burger se Jeugleierskonferensie 'n ernstige woord laat hoor oor die stand van geskiedenis as sekondêre skoolvak. Ons publiseer 'n uittreksel hierby en beveel dit aan vir oordenking by onderwysers sowel as ouers.

Geskiedenis, wat maar altyd onder die taai en ongewilde vakke getel het, is besig om agteruit te loop in die keuse van die hedendaagse skooljeug, veral die Afrikaanse jeug. Die invoering van gedifferensieerde onderwys het blykbaar die proses verder versnel. Die Direkteur van Onderwys sien geen redding in verpligting nie, maar wel in positiewe beïnvloeding van die leerlinge se keuse deur ouers en onderwysers.

Ons wil die onderwysmanne nie hul werk leer nie, maar net die vraag stel of die hoë oogmerke van die geskiedenis-onderwys soos dit op beleidsvlak gestel word as "paraatheidvormende" faktor by uitnemendheid, inderdaad te bereik is langs die grootliks tradisionele, hoewel darem aangepaste weë wat nog op skool gevolg word.

As geskiedenis die jong mens moet oriënteer in sy land, in sy wêreld en in sy tyd, moet dit tog die hele geskiedenis van die mensdom, en daarom ook die voorgeskiedenis en die geskiedenis van die planeet en die heelal bestryk. Intensiewe studie van gekose tydvakke, en meer bepaald die vaderlandse geskiedenis, is noodsaaklik, maar sonder die ontsagwekkende raamwerk, nie net van die eeue en die beskawings nie, maar van die millennia en die antropologiese en geologiese tydperke, kan dit nie werklike oriëntering heet nie.

In toenemende mate het in ons eeu "populêre" skrywers hierdie behoefte ingesien. Baanbrekers soos Wells met sy Outline of History en Van Loon met sy Story of Mankind het tal van navolgers gevind — geskied-skrywers wat, hoe oorsigtelik ook al, "die hele storie" probeer gee. Sover ons weet — en ons sou graag wil hoor as ons dit mis het — het hierdie opwindende benadering nog maar net in beperkte mate, indien hoegenaamd, tot die geskiedenis-onderrig in die skole deurgedring, en dan waarskynlik hoofsaaklik deur individuele inisiatief. Die leerling ploeter te veel in, vir hom, dorre besonderhede waarvan hy die verband met sy bestaan, hier en nou, nie kan sien nie.

Daar is gesê dat met die mens evolusionêre verandering in die heelal selfbewus geword het. Dit is waar van individue en groepe, maar nie van die teenswoordige mensdom nie, wat in sy geheel salig onbewus bly van die magtige drama van tyd en ruimte waarin hy 'n moontlik beslissende rol gekry het.

As geskiedenis op skool in hierdie sin 'n ware oriënterings- of paraatheidsvak kan wees, sou ons 'n voorstander word van verpligting dwarsdeur die skooljare.

*(Hoofartikel in Die Burger, 9—12—1974, p.16.)*

## *II. Onderwyshoof is bekommerd oor geskiedenis*

Die moderne jong mens, en ek glo ook die moderne volwassene, het 'n broertjie dood aan die soort byeenkomste waar hulle passiewe luisteraars is. Die moderne jong mens wil nie meer hoor hoe goed of minder goed hy is, hoe groot die generasiegaping geword het, of wat die doemprofete sê die toekoms vir hom inhou nie.

Uit die aard van sy psigiese, fisieke en biologiese samestelling is die jong mens 'n pragmatis, hy wil meedoen aan en bewyse vind vir die verskynsels om hom. Kortom, die jong mens wil die lewe van die hede help leef.

Die Burger se jeugkonferensies is nie alleen organisatories ingestel op die behoeftes van die jong mense nie, maar hou ook in die keuse van temas daarmee rekening. Vanjaar se tema is: Suid-Afrika Vandag. Dié tema is uitgeknip om deur die jong mense van ons tyd onder hande geneem te word.

My boodskap het betrekking op 'n onrusbarende verskynsel in die sekondêre skoolonderwys van ons tyd — 'n verskynsel wat in regstreekse verband staan met die konferensietema van Suid-Afrika Vandag.

Ons het in ons skole 'n jeugweerbaarheidsprogram wat onder meer daarop gemik is om aan ons jong mense die geestelike en fisieke toerusting te gee wat hulle in tye van krisis nodig sal hê.

Daar is mense wat nie van die woord "weerbaarheid" hou nie, maar verkies dat ons van "paraatheid" praat. Ofskoon daar nie 'n groot betekenisverskil tussen "weerbaar" en "paraat" is nie, meen sommige dat "weerbaar" die gevoelswaarde het van "gereed, maar passief". Met "paraatheid" word geïmpliseer "gereed en aktief", dit wil sê: ek weet hoe om my te verdedig, en as dit nodig is, kan ek ook aanval.

Ons sou sonder vrees vir teenspraak kan sê dat alle vakke in die skoolkurrikulum 'n mindere of meerdere paraatheidswaarde het. Daar is egter één vak wat waarskynlik 'n sterker paraatheidsvormende werking op die leerling het as die meeste ander, naamlik geskiedenis.

Ek het 'n voormalige hoogleraar in die wynbou, wat later hoofbestuurder van 'n groot koöperatiewe onderneming geword het, meer as een keer die opmerking hoor maak dat geskiedenis 'n verpligte vak vir alle leerlinge tot in st. 10 behoort te wees.

Vandag is geskiedenis 'n verpligte vak tot st. 7, en van st. 8 af is dit 'n keusevak. Daar is weinig hoop dat die vak ooit verder as st. 7 verpligtend gemaak sal word, veral in die nuwe gedifferensieerde onderwysopset, wat geskoei is op die wetlike bepaling dat leerlinge hul vakke moet kan kies ooreenkomstig hul aanleg, belangstelling en vermoë, en met inagneming van die behoeftes van die land.

Ofskoon geskiedenis in Kaapland 'n keusevak in die senior sekondêre

skoolfase was en is, het 'n verblydende persentasie van matrikulante tot in die jongste verlede die eindeksamen in dié vak afgelê. In 1973 was dit nog 51,2 persent in Kaapland, in vergelyking met 49 persent in Transvaal, 41,7 persent in die Oranje-Vrystaat en 40,9 persent in Natal. Daar was weliswaar 'n skerp afname van 1953 af, toe 66,06 persent van die matrikulante in Kaapland die eksamen in geskiedenis afgelê het. In 1940 was dit 82 persent.

Met die koms van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys het die toestand egter drasties verander. Volgens 'n ondersoek wat onlangs ingestel is, het net 6 845 Kaaplandse st. 8-leerlinge uit 'n totaal van 15 255 in 1974 geskiedenis as vak gekies. Dit verteenwoordig 'n skrale 44,87 persent van die standerd-agts.

'n Ander opvallende, en mag ek sê teleurstellende, verskynsel is dat dit hoofsaaklik in die Afrikaansmediumskole van Kaapland is waar geskiedenis aansien en aanhang verloor het.

Daar kan verskillende redes wees waarom geskiedenis met die koms van gedifferensieerde onderwys uit baie Afrikaansmediumskole die wyk moes neem. Ek wil een moontlike rede noem, naamlik die invoer van meer as twee handelsvakke deur baie skole en die verskynsel dat handelsvakke blykbaar gewilder by Afrikaanssprekende as by Engelssprekende leerlinge is.

*Materialisme*

Voor differensiasie het verskillende navorsers probeer vasstel waarom geskiedenis geleidelik in gewildheid afgeneem het. Ek noem 'n paar van die redes wat hulle aanvoer:

Die voorgeskrewe werk vir st. 9 en 10 is te lank en uitgebreid; dit is moeilik om eksamen te doen oor twee jaar se werk; leerlinge behaal makliker en sonder veel inspanning hoë punte in die sogenaamde brood-en-botter-vakke; die materialistiese gees van die moderne wêreld bied nie plek vir belangstelling in die verlede nie; die noodsaaklikheid van die natuurwetenskappe as studievakke word oorbeklemtoon in die pers en oor die radio; daar bestaan onkunde oor die waarde van die vak geskiedenis.

Dit is ironies dat die skerp afname in die getal leerlinge wat geskiedenis neem, saamval met die koms van differensiasie en die instelling van die nuwe geskiedenisleerplan, want die nuwe leerplan is juis opgestel met die doel om geskiedenis 'n gewilder vak te maak en die oorsake van die afname in gewildheid uit te skakel.

*Oogmerke*

Laat ons vlugtig kyk na die oogmerke met die onderrig van geskiedenis in die senior sekondêre standerds soos uiteengesit in die nuwe leerplan:

Die breë oogmerk met die onderrig van geskiedenis op skool is om aan die leerlinge 'n kennis en begrip van die verlede oor te dra, veral ten opsigte van: die geskiedenis van sy eie land; die manier waarop die hantering van openbare sake in sy eie land ontwikkel het; die geskiedenis van die belangrikste gebeurtenisse en bewegings wat vandag 'n invloed op die lewe in Suid-Afrika het.

Indien bogenoemde doel bereik word, kan die geskiedenis van groot waarde vir die leerling wees. Dit dra nie alleen by tot 'n beter begrip van hedendaagse wêreldneiginge, -toestande en -probleme nie, maar verbreed en verryk die leerling se kennis, sodat mense, plekke en gebeurtenisse waarna

verwys word in boeke, koerante en rolprente, oor die radio en in gesprekke, vir hom betekenis sal hê en hy in staat sal wees om verstandig daaroor te skryf, te dink en te gesels.

Verder kweek dit 'n waardering en agting vir sulke fundamentele waardes soos geregtigheid, vryheid, waarheid en integriteit. Dit maak hom bewus van sy voorregte en verpligtinge as landsburger. Dit help hom om 'n begrip van tyd te ontwikkel, om die wisselwerking tussen oorsaak en gevolg te begryp, en om die prestasies van die mens na waarde te skat.

Ten laaste lei dit tot 'n diepe geestelike ervaring en 'n besef van die nietigheid van die mens in verhouding tot die Skepping.

Dat 'n kennis van die geskiedenis van jou eie land en die wêreld insig en begrip bring, staan soos 'n paal bo water. Ek noem 'n enkele voorbeeld. Die geskiedenis van die Romeinse Ryk leer ons dat, toe daardie ryk sy hoogtepunt beleef het onder keiser Augustus, die Romeine slegs 76 vakansiedae in 'n jaar gehad het. Minder as honderd jaar later onder Nero, toe die ryk aan die verbrokkel was, het burgers 176 vakansiedae per jaar gehad. In die Westerse demokrasie, ook in Suid-Afrika, het ons ook taamlik baie vakansie — en dit verklaar ten minste gedeeltelik die verbrokkelende ekonomie en skerp stygende inflasie in sommige lande.

Ek is van mening dat dit tyd geword het dat die skole in Suid-Afrika van vandag, binne die raamwerk van die stelsel van gedifferensieerde onderwys en in oorleg met die ouers, vir hulle duidelike prioriteite moet stel met betrekking tot die paraatheidvormende waarde van die vakke wat hulle aanbied en die voorligting wat hulle aan hul leerlinge daaroor gee wanneer hulle in st. 8 'n vakstudierigting moet kies.

*Aanpassing*

Ons staan midde-in 'n tydperk van aanpassing en verandering met betrekking tot rasseverhoudinge in Suid-Afrika en in Afrika. Dit is moontlik dat die toekoms van hierdie land, veral in soverre dit die blanke ras betref, bepaal sal word deur ons sosiale aanpassingsvermoë en ons kennis en begrip van wêreldstrominge.

In die opsig kan geskiedenis as skoolvak van groot betekenis wees indien dit onderrig word ooreenkomstig die oogmerke van die leerplan. Daarom mag ons nie toelaat dat geskiedenis verder die kreeftegang gaan nie, want dan bewys ons Suid-Afrika 'n onguns en help ons mee tot onparaatheid, gebrekkige begrip en 'n maatskaplike verkramptheid wat gevaarlike gevolge vir ons toekoms en selfs ons voortbestaan kan inhou.

Veel eerder moet ons die vak geskiedenis beskou as die rolprent van die verlede en die hede wat die pad na die toekoms verklaar en uitstippel. Langenhoven het tereg gesê:

"Om vooruit te kan sien, kyk eers weer 'n slaggie om."

*III. Toespraak deur Sy Edele J.P. van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, by geleentheid van die opening van die Jaarvergadering van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika op 13 September 1974 om 7.30nm. in die Masker-teater, Universiteit van Pretoria, Pretoria*

Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika stel hom ten doel om die geskiedeniswetenskap en die begrip van en liefde vir die vaderlandse geskiedenis te bevorder. Omdat ek my van harte vereenselwig met die doel en

strewe van die Genootskap is ek dankbaar dat ek vanaand kan meedoen aan die openingsverrigtinge van die negentiende Jaarvergadering.

Hoeveel armer sou ons nie gewees het as ons soveel jare lank sonder die georganiseerde poging van die Genootskap moes klaarkom nie? Wie sal ooit kan bepaal watter besieling daar oor die jare van die Genootskap uitgegaan het en hoeveel van ons mense deur die werksaamhede van die Genootskap en die toewyding van sy lede blywend of opnuut aan hul historiese verlede gebind is?

Ek wil daarom my dank en waardering aan die Genootskap betuig vir die belangrike volksdiens wat hy verrig en oor soveel jare volgehou het, dikwels in moeilike en ontmoedigende omstandighede. Ek is veral dankbaar dat die Genootskap hom doelbewus daarvoor beywer om die jeug bewus te maak van ons volksgeskiedenis. 'n Volk bly immers voortbestaan solank die meerderheid van sy jong mense bereid en in staat is om hulle met hul voorgeslag te identifiseer.

Geskiedenis beteken vir die mens veel meer as 'n blote chronologiese opgawe van die verlede. Die geestesskatte wat opgesluit lê in die optekening van die groot mensedrama wat oor die 6 000 jaar beskawingsgeskiedenis afgespeel is en steeds afgespeel word, hou vanselfsprekend vir die mens onbeskryflike groot waarde in. Dit geld vir enige land of volk, ooreenkomstig sy wordingsgeskiedenis en eie omstandighede, en veral ook vir die individuele mens.

Geskiedenis staan nie los van die samelewing en die individuele mens nie. Dit is om ons en is in ons ingeweef. Die huidige stand van sake, op enige tydstip, is trouens die produk van die verlede. In die verlede, in die geskiedenis dus, kry die mens 'n objektiewe beeld van homself: wie hy is, wat hy is, wat sy herkoms is. Geskiedenisstudie dra stellig in die hoogste mate by om selfbegrip by die jong mens by te bring. Die mens se lewens- en wêreldbeskouing is in die verlede gevorm en hy word daaruit ten opsigte van die toekoms georiënteer. Sy lewensbeskouing is dan 'n werklikheid wat in hom uitgekristalliseer het. Daarom is dit deel van hom en is hy bereid om daarvoor selfs die hoogste offer te bring.

Gemeenskaplike lewens- en wêreldbeskouing, nie eng gesien nie maar in die breëre sin, is dan eweas vaderlandsliefde, onder die mees bindende magte in enige volk of land. Só dra ook deeglike en verinnerlikte kennis van die volksgeskiedenis by tot 'n samehorigheidsgevoel en 'n begeerte om die erfenis van die verlede te bewaar en daartoe deur woord en daad by te dra.

Uit die geskiedenis kan die mens, en veral ook die jong mens, wysheid put wat hom help om die hede beter te verstaan en om dit krities te beoordeel. "The use of history is to give value to the present hour and its duty," het Emerson gesê. Ons lewe juis in 'n tyd wanneer die jong mens as landsburger groot verantwoordelikheid op hom moet neem, asook rype oordeel en wysheid moet toon en in staat wees tot objektiewe en kritiese denke by die vervulling van sy pligte. Geskiedenisstudie het dan 'n middel geword nie alleen tot kennis van die staatsinstellinge nie maar ook tot burgerlike verantwoordelikheid. In ons veelvolkige vaderland sluit dit ook in verantwoordelikheid teenoor lede van die ander volkere in Suid-Afrika.

Vir almal, en met name die jong mens, is die geskiedenis 'n ryke bron van besieling. "The history of the world is but the biography of great men," het Carlyle gesê. Leidende figure uit die geskiedenis bly steeds deel van die

hede. So spreek dan die groot geeste uit ons Suid-Afrikaanse volksverlede steeds tot ons. Daar moet sorg gedra word dat hul boodskap juis ook ons kinders bereik. In dié verband maak ek dankbare melding van die twee kwartaallikse publikasies van die Genootskap, naamlik *Historia* en *Historia Junior*, asook van die geskiedenisvasvrawedstryde van die S.A.U.K. wat so sterk in gewildheid toeneem en groot geesdrif wek.

Geskiedenis as studievak neem 'n belangrike plek in die onderwys en opvoeding van die mens in en word tradisioneel onder die vooraanstaande vormingsvakke in die leergang van skole gereken. Ooreenkomstig die tradisionele gebruik bestaan ook ons leerplan vir geskiedenis op skool uit 'n keuse van daardie wêreldgebeure, asook gebeurtenisse nader tuis wat, na ons oordeel, nie alleen die groot waardes van die algemene geskiedenis inhou nie, maar wat die beste sal dien om ook die waardes van geskiedenisstudie wat op Suid-Afrikaanse toestande toegespits is, by ons jong mense tuis te bring.

Kommer oor die stand van geskiedenis as leervak aan Suid-Afrikaanse skole wat in 1966 gelei het tot 'n ondersoek deur die destydse Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, het insiggewende gegewens opgelewer. Daar is naamlik bevind dat die persentasie leerlinge wat geskiedenis in die st. 10-eksamen aangebied het, oor die tydperk 1956—1965 'n dalende tendens geopenbaar het. Die daling was soos volg:

In Natal van 45,5% tot 42,6% (daling 2,9%);
In Transvaal van 57,1% tot 49,0% (daling 8,1%);
In Kaapland van 62,7% tot 53,4% (daling 9,3%);
In die Oranje-Vrystaat van 71,9% tot 47,5% (daling 24,4%);
In Suidwes-Afrika was die daling en die tydperk 1961—65 van 34,7% tot 25,9% (daling 8,8%).

Hierteenoor was daar 'n styging waarneembaar in die persentasie leerlinge in nie-departementele skole wat geskiedenis vir die st. 10-eksamen oor die periode 1956—1965 aangebied het: 'n styging vanaf 61,6% tot 66,6% (vermeerdering 5,0%).

Genoemde opname het voorts daarop gewys dat die neiging tot getallevermindering van leerlinge wat geskiedenis op senior sekondêre skoolvlak neem, nie tot Suid-Afrika beperk is nie, maar dat dit 'n verskynsel is wat ook in ander lande aan die orde van die dag is. Ook in Nederland, die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk gaan stemme op wat besorgdheid uitspreek weens 'n vermeende agteruitgang van geskiedenisonderrig in genoemde lande.

Die afname in die getal leerlinge wat geskiedenis in die st. 10-eksamen in ons land aangebied het, soos daar in die opname aangedui word, word deur professore en onderwysers aan verskeie oorsaaklike faktore toegeskryf.

Eerstens word genoem die groot hoeveelheid feitelikhede wat deur leerlinge ingeoefen en paraat met die oog op reprodusering vasgelê moet word. Dit is vanselfsprekend dat alleenlik indien leerlinge daartoe gemotiveerd voel, hulle hierdie dissipline werklik kan aandurf en die genot van oorwinning ervaar wat verinnerliking van die leerstof en verbreding van die werklikheidshorisonne vir die mens meebring, as beloning vir sy doelgerigte en vasberade studie.

Tweedens word genoem dat leerlinge al meer bewus word van die winsmotief in beroepsrigtings buite die geesteswetenskappe, met die gevolg dat hulle nie geskiedenis as skoolvak kies nie maar liewer vakke wat

regstreeks met 'n beroep in verband staan. By al die respondente wat by die opname betrokke was, het daar 'n besliste twyfel bestaan ten opsigte van die utiliteitswaarde van geskiedenis met die oog op 'n studierigting na die skooljare of met die oog op die beroepstoekoms.

As derde rede is genoem die groter vakkeuse wat teenswoordig aangebied word, wat tot gevolg het dat minder leerlinge tans geskiedenis kies in vergelyking met vroeër toe die keuse kleiner was.

Ons het nou egter tot 'n nuwe bedeling in die onderwys in Suid-Afrika gekom. Onder die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys word geskiedenis soos volg aangebied: Die vak is verpligtend tot aan die einde van die Junior Sekondêre skoolfase, dit wil sê tot st. 7; in totaal dus nege jaar van die kind se skoolopleiding.

Vanaf die Senior Sekondêre skoolfase, dit wil sê in st. 8, 9 en 10, vorm geskiedenis hoofsaaklik die hoofkomponent van die geesteswetenskaplike studierigting. Dit staan leerlinge egter ook vry om geskiedenis by enige ander studierigting in te sluit as een van hul ses vakke vir die matrikulasiesertifikaat, mits aan die vereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad voldoen word.

In die Senior Sekondêre fase kies die leerling sy studierigting volgens sy aanleg, belangstelling en vermoë. Die sillabusse vir geskiedenis is nou ooreenkomstig verryk sodat 'n algehele verdieping in die vak moontlik sal wees.

Die verdere feit dat die vak nou gekies sal word in st. 8, 9 en 10 deur dié leerlinge wat besonder daarin belang stel, sal na verwagting die volgende tot gevolg hê:

Eerstens sal die onderwyser in geskiedenis hom in groter mate as in die verlede in sy vak kan verdiep.

Tweedens sal meer toegeruste en gemotiveerde leerlinge die vak leer en aldus makliker aanpassing en aansluiting by die universiteit vind.

Ten derde behoort dit tot 'n vermeerdering te lei in die aantal studente wat geskiedenis as graadvak sal neem, wat op sy beurt weer verhoogde nagraadse studie in geskiedenis tot gevolg behoort te hê.

In die verlede het daar sterk stemme opgegaan dat geskiedenis tot st. 10 'n verpligte vak moet wees, en ek meen dat dit tans nog die Genootskap se ideaal is. Hoe verdienstelik hierdie standpunt ook al mag wees, kan dit egter nie opweeg teen die opvoedkundige beginsels wat aan gedifferensieerde onderwys ten grondslag lê nie, naamlik dat elke leerling daardie studierigting moet kies waarin hy die grootste aanleg, belangstelling en bekwaamheid besit.

Oor die plek van geskiedenisonderrig by die opleiding van onderwysers noem ek ten slotte dat die Komitee van Onderwyshoofde kragtens die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), waarvolgens die Minister neergelê het dat onderwysersopleiding op nasionale vlak gekoördineer moet word, sekere basiese kriteria goedgekeur het vir die waardebepaling van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensnemingsdoeleindes in die onderwys. Hierdie kriteria lê nie slegs die toelatingsvereistes en die duur van onderwyserskursusse neer nie, maar bepaal ook die standaard wat vergelykbaar met universiteitskursusse moet wees, asook die minimum aantal goedgekeurde skoolvakke wat geneem moet word. Verder word onderwysersopleiding gekoördineer deur die verskillende gesamentlike

adviserende en koördinerende komitees vir onderwysersopleiding waarin die universiteite en onderwysdepartemente gesamentlike sitting het.

Die waarde van voornoemde maatreëls lê daarin dat onderwysersopleiding enersyds nasionaal gekoördineer word en dat daar andersyds op landswye vlak noukeurig en doelgerig gewaak word oor standaarde in onderwysersopleiding. Langs dié weg word ook geskiedenisonderrig positief bevorder.

Ek wil die Historiese Genootskap van Suid-Afrika van my beste wense verseker en verklaar nou met groot genoeë sy negentiende Jaarvergadering geopen.

## *IV. Staatspresident W.C. Janse van Rensburg. 18.5.1818—13.8.1865 Sy betekenis vir sy tyd en in ons volkswording* *

— En Moses het die gebeente van Josef met hom saamgeneem — Exodus 13:19.

Prof. F.A. van Jaarsveld

As voorgraadse student aan die Universiteit van Pretoria het ek die naam W.C. Janse van Rensburg leer ken. Toe ek vir 'n mondeling eksamen in my B.A.III-jaar voor profe. I.D. Bosman en S.P. Engelbrecht in 1943 verskyn, het laasgenoemde wat 'n kursus in die Geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek behartig het, aan my en my twee eksamengenote die vraag gestel wie die tweede president van dié Republiek was. Gewoonlik is daar geantwoord pres. Burgers, want daar is gedink aan M.W. Pretorius om die naam van S.J.P. Kruger nie eers te noem nie. My antwoord — W.C.J. van Rensburg — was in die kol tot groot voldoening van "Oom Fanie" wat wou weet hoe ek aan die naam gekom het. 'n Naam, let wel, want hy was by ons skoolkinders en studente, om van die publiek nie eers te praat nie, 'n onbekende soos dit vandag nog die geval is.

Die tyd waarin pres. W.C. Janse van Rensburg sy belangrikste bydrae tot ons geskiedenis gelewer het, staan bekend as die Transvaalse Burgeroorlogperiode wat van 1860 tot 1864 geduur het. Ook daaraan koester ek herinneringe uit my studentejare. Ek het 'n voorliefde gehad om met oumense te gesels. Ek onthou hulle uit my kinderjare by die Nagmaal. Voor die tent, langs die wa, het bebaarde, eerbiedwaardige grysaards gesit, op riempiestoeltjies, kierie in die hand, in gesprek met ander wat hulle met ontsag behandel het. In my studentejare — rondom 1945 — het ek die herinneringe van so 'n oumens gaan opteken. Bloot omdat ek in my navorsing oor die veldkornet se rol in die vroeë Transvaal 'n beeld van ons pionierslewe wou vorm. 'n Ou oom — toe 94 jaar — het my vertel van die Burgeroorlogperiode. Hy is in 1851 gebore en het dié tydperk in sy kinderjare deurgemaak. Hy het bygevoeg dat dit 'n periode was waaroor die oumense "ooreengekom" het om nie te praat nie — hulle was "skaam" oor dié tyd en wou liewers 'n sluier daaroor hou. Miskien verklaar dit waarom pres. Van Rensburg by die gewone skoolkind aan die vergetelheid oorgegee is. Die Burgeroorlogtydperk lyk buitendien so verward dat dit vir jare nie in ons skoolleergange verskyn het nie. Ek herinner my dat ek in 'n skoolhandboekie

*Rede uitgespreek in die *Yskorklubgebou* by geleentheid van die herbegrafnis van W.C.Janse van Rensburg en sy vrou in die Heldeakker van die Pretoriase Begraafplaas op 17 Augustus 1974.

in my plattelandse laerskooljare iets gelees het van hoe die volksleër en die staatsleër by Potchefstroom op mekaar geskiet het en iewers aan die Krokodilrivier, wáárom het ek nooit verstaan nie. Eers met die nuwe leergang vir st. VI wat in 1973 in werking gekom het, word die geskiedenis van die S.A. Republiek vereis, waarin na die Burgeroorlog verwys word. Ek het met groot moeite sisteem daarin probeer bring en dit vir sowel onderwyser as kind probeer verstaanbaar maak. Van die kant van die beoordelaars van die T.O. Departement is kritiek uitgebring teen die lengte daarvan, (omdat dit nie juis 'n belangrike periode is nie) maar ek het voet by stuk gehou en die basiese gegewens vir 'n begrip daarvan verstrek — ook die naam W.C. Janse van Rensburg, wat nou deur ons skoliere as tweede president van die Transvaalse Republiek onthou kan word.

Wie was president W.C. Janse van Rensburg? 'n Afrikaner-pionier, gebore in 1818, drie jaar na die Slagtersnekopstand en twaalf jaar vóór die Groot Trek — ook 'n opstand, hoewel vreedsaam. In die tyd voor dié groot landverhuising het hy die onrus, onsekerheid en wantroue teen die Britse owerheid aan die oosgrens meegemaak, en met die Trek die gevare en probleme wat die vestiging van 'n nuwe staat — die Republiek Natalia — meegebring het. Hy het die Groot Moord op Rensburgkoppie oorleef en in 1838 op 20-jarige leeftyd hom in die eg verbind met Elizabeth du Plessis, wat sy verdere omswerwinge as pionier saam met hom sou meemaak. Natal was egter nie vir hom bestem nie, want ná die Britse anneksasie begeef hy hom op 'n tweede trek na Transvaal waar hy 'n volgeling van Hendrik Potgieter word. Saam met Potgieter en sy mense gaan hy in 1845 op 'n derde trek, dié keer na Ohrigstad in Oos-Transvaal. In 1848 trek hy vir die vierde keer, dié keer na sy rusoord, Kafferskraal, in die distrik Rustenburg, waar hy in 1865 die tydelike met die ewige verwissel — skaars 47 jaar oud. Dit sou nie sy en sy vrou se finale rusoord wees nie, want op 17 Augustus 1974 trek sy stoflike oorskot weer, dié keer na sy finale rusplek, die Pretoriase Heldeakker, waar sy nageslag en belangstellendes getuies was van die weglegging van sy gebeente en dié van sy vrou tussen die leiers van sy volk.

Sý verhaal is 'n eenvoudige verhaal van omswerwing, ontbering, bekommernis, lyding, avontuur, swaarkry en opoffering — alles in belang van 'n saak: die vryheid en onafhanklikheid van die Voortrekkers. Die Trek het 'n deel van die volk van Boere oor ontsaglike ruimtes verstrooi. Die nedersetting was regionaal en leierskap het 'n groot rol gespeel. Die leier het nie slegs militêre beskerming verleen nie, maar die groepe ook byeengehou en namens hulle opgetree. Die eerste leiers was Trekleiers soos Hendrik Potgieter wat Transvaal aangelê het en Andries Pretorius wat sy onafhanklikheid in 1852 swart op wit van Brittanje beding het. Beide het volgelinge gehad. W.C. Janse van Rensburg was 'n Potgietervolgeling en teen Andries Pretorius se beleid gekant. Met die dood van Potgieter in Desember 1852 en dié van Andries Pretorius in Julie 1853 het hulle seuns hulle as leiers opgevolg — Piet Potgieter wat in 1855 in die oorlog teen Makapan gesneuwel het en M.W. Pretorius. Stephanus Schoeman het Piet Potgieter as leier opgevolg. W.C. Janse van Rensburg was toe sy ondersteuner. Maar dit was 'n nuwe geslag leiers wat die twee ou Trek-aanvoerders vervang het. Hulle het nie die gesag van die twee veterane gehad nie, maar uit die Trektradisie geleef. Die verskille tussen Potgieter en Pretorius het rondom hulle voortgeleef.

Een van die eerste take was om 'n sentrale regering volgens 'n grondwet daar te stel. Daarin het M.W. Pretorius leiding gegee, maar hy het Schoeman se distrik, Zoutpansberg, en die distrik Lydenburg nie voldoende daarin geken nie, en toe hy te eensydig as eerste president van die Zuid-Afrikaanse Republiek gekies is, het Lydenburg sy onafhanklikheid verklaar en 'n aparte Republiek geword. Zoutpansberg het onder die leiding van Schoeman vir Pretorius met 'n kommando te lyf gegaan. W.C. Janse van Rensburg, wat anti-M.W. Pretorius was, was onder Schoeman se geledere. Van Rensburg was 'n man van vrede en verdraagsaamheid en het gewerk ten gunste van versoening en vereniging, wat in 1858 met Schoeman se volgelinge en in 1860 met die Lydenburgers gevolg het. As lid van die Hervormde Staatskerk was Van Rensburg ook ten gunste van die erkenning van die N.G. en die Gereformeerde Kerk in Transvaal.

Hoewel nie 'n militaris of leierstipe nie het Willem van Rensburg respek by die burgers van sy omgewing afgedwing, want in 1850 — op 32-jarige leeftyd — word hy verkies tot lid van die Transvaalse Volksraad, en in 1858 tot lid van die hoogste regeringsliggaam, die Uitvoerende Raad. Teen sy persoonlike belange in as boer, het hy sy volk as amptenaar gedien. Enige staatsbetrekking het die boer van sy plaasbedrywighede weggehou, en van sy gesin. Dit het Willem van Rensburg ook gevoel.

Die tydperk waarin hy dit tot die hoogste pos in die Suid-Afrikaanse Republiek sou bring, nl. dié van staatspresident, was die veelbewoë tyd van die Burgeroorloë. Die probleem het ontstaan met pres. M.W. Pretorius se aanvaarding in 1860 van die presidentskap ook van die Oranje-Vrystaat, waardeur hy dié twee Republieke in sy persoon verenig het. Dit was sy strewe om die twee susterstate te verenig, want hulle was beide die resultaat van die Groot Trek en het 'n volk van Boere gehuisves. Die Transvaalse Volksraad het hom ses maande buitelandse verlof toegestaan. Toe dié verstreke was en vereniging met die Vrystaat nog nie deur was nie, het hy in September 1860 ontslag as president van Transvaal moes neem. Hy was toe slegs president van die Oranje-Vrystaat. Die Volksraad het J.H. Grobler as wnd. president van Transvaal benoem. Daarmee was die volgelinge van M.W. Pretorius, wat meestal in Wes-Transvaal gewoon en Potchefstroom tot sentrum gehad het, nie tevrede nie. Hulle wou 'n jaar verlof aan Pretorius toestaan wat hom in staat sou stel om die vereniging met die Vrystaat deur te voer. In die plek van wnd. pres. J.H. Grobler wou hulle Stephanus Schoeman gehad het wat die pos vir Pretorius moes oophou. Schoeman, wat volgens die ou Potgieter-tradisie, in 1858 nog teen Pretorius gekant was, het in 1859 omgespring en 'n lojale volgeling van Pretorius geword, want hy wou graag dat die Vrystaat met Transvaal verenig. Die rede was dat Potgieter die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier in 1838 van Makwana geruil (of gekoop) het.

Daar was egter 'n stroming in Transvaal teen vereniging met die Vrystaat. Tien uit die sestien Volksraadslede het hulle byvoorbeeld in 1859 teen vereniging uitgespreek. Die rede was dat sir George Grey, die Kaapse goewerneur, in 1858, toe die Vrystaat en Transvaal op die punt van vereniging was, verklaar het dat, ingeval van so 'n vereniging, die twee Konvensies van 1852 en 1854 — die basis van die onafhanklikheid — sou verval. Die Volksraad het in 1860 gevrees dat M.W. Pretorius se verenigingspoging die onafhanklikheid van Transvaal kon aantas. Ook Willem van Rensburg het hierdie standpunt gehuldig. Hy het nie langer vir

Schoeman as leier gevolg nie en Pretorius se Vrystaatse beleid veroordeel, d.w.s. hy het die Lydenburgse standpunt gevolg.

Met die vertrek van Pretorius na die Vrystaat was sake in Transvaal nog nie stabiel nie. Lydenburg het in April 1860 eers finaal met die res van Transvaal verenig. Ook is Transvaal met die vertrek van Pretorius leierloos gelaat. Pretorius en Schoeman se volgelinge het die Volksraad nie vertrou nie en te veel Lydenburgse invloed daarin gesien — en Lydenburg was anti-Pretorius, nieteenstaande die vereniging met die S.A. Republiek. wat deur Van Rensburg bevorder is.

In Oktober 1860 het die Pretorius-volgelinge te Potchefstroom hulleself tot "volk" verklaar en tot opstand teen die "staat" oorgegaan. Hulle het die Volksraad veroordeel, verlof vir Pretorius geëis tot die vereniging met die Vrystaat deur sou wees, en Schoeman tot wnd. president benoem. Schoeman het nie op hom laat wag nie en Grobler afgesit. Dit is hier waar 'n nuwe leier te voorskyn getree het, nl. Paul Kruger. Sy vormingsjare as politieke leier het hy in dié tydperk van tweespalt, burgeronluste en verdeeldheid gekry. Sy beginsel was dat die *wet* gehandhaaf moet word, in dié geval die Grondwet wat deur die hele volk aanvaar is, en verder dat 'n deel van die "volk" nie namens die geheel kon optree en die Grondwet negeer nie. Kruger tree dus op vir die "staat". Hierin het hy 'n ondersteuner in Van Rensburg gekry — albei was uit Rustenburg. Toe Kruger hom teen die Schoemanregering uitspreek, het Schoeman teen hom opgetrek. M.W. Pretorius het in November 1861 bemiddel. Daar is ooreengekom om 'n nuwe Volksraad te kies wat in April 1862 vergader het. Die nuwe Volksraad het bevind dat Schoeman onwettig as wnd. president optree. Hy is geskors en W.C. Janse van Rensburg is deur die Raad as wettige wnd. president aangestel. Schoeman het egter geweier om die regering te erken. Die Van Rensburgregering het teen hom opgetrek, maar Schoeman het na Potchefstroom gevlug en 'n "volksleër" georganiseer. Daarop het die Van Rensburgregering die "staatsleër" na Potchefstroom gestuur wat die dorp gebombardeer het. Een burger het in die geveg gesneuwel. Schoeman het na die Vrystaat uitgewyk. Hy keer terug en trek met sy "volksleër" weer teen Paul Kruger uit wat die beweegkrag agter Van Rensburg se "staatsleër" was. M.W. Pretorius het weer bemiddel.

Op 25 November 1862 is 'n ooreenkoms bereik. 'n Hof sou die geskille tussen "volk" en "staat" ondersoek en 'n presidentsverkiesing sou gehou word. Schoeman verbreek egter die ooreenkoms, verklaar homself tot wnd. president en beset Pretoria. Kruger se staatsleër, wat die Van Rensburg-regering beskerm het, trek weer teen hom uit, maar Schoeman vlug weer na die Vrystaat. Die regering van wnd. president Van Rensburg het 'n hof benoem wat die rebelle gestraf en Schoeman en 'n paar heethoofde se eiendom gekonfiskeer het. Intussen het wnd. president Van Rensburg voortgegaan met die presidentsverkiesing. In Maart 1863 was die uitslag bekend. Die persentasie stemme wat uitgebring is, was gering. W.C. Janse van Rensburg het 730 stemme gekry en M.W. Pretorius 247, terwyl Paul Kruger verkies is tot kommandant-generaal — 'n erkenning van sy militêre leierskap.

Van Rensburg is bo Pretorius aangewys as die tweede staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy was egter nie 'n eersugtige man of gretig om so 'n gewigtige betrekking op hom te neem nie. Volgens sy mening

is te weinig stemme uitgebring. Die Volksraad het hom egter geloof vir sy moed, sy belangstelling in sy land en volk, vir sy standvastigheid en sy gevoel vir reg en geregtigheid. Van Rensburg het ewewel die Volksraad oortuig dat die verkiesing vir staatspresident oorgehou moes word.

Die uitslag van die nuwe verkiesing was in Oktober 1863 bekend — 1 106 burgers was ten gunste van W.C. Janse van Rensburg terwyl 1 065 burgers vir M.W. Pretorius gestem het. Daarop is Van Rensburg as die wettig verkose tweede president van die Suid-Afrikaanse Republiek ingesweer.

M.W. Pretorius, wat sy presidentskap van die Vrystaat in 1863 opgegee het, was nou gewone burger in die Suid-Afrikaanse Republiek. Daarin wou sy volgelinge in Wes-Transvaal nie berus nie. Die Republiek was vir hulle ondenkbaar sonder hom as president. Hulle het 'n nuwe leier in die persoon van die gewilde Jan Viljoen van Marico gekry. Hy het verklaar dat die "volk" alles nuut uit die grond wou opbou, en in opstand teen die Van Rensburgregering gekom. Paul Kruger se "staatsleër" het teen Viljoen se "volksleër" by Potchefstroom opgetrek. Van sy manskappe word deur Viljoen se "volksleër" gevange geneem. Dié keer vlug Paul Kruger na die Vrystaat, waar hy bly totdat sy manskappe losgelaat is. Daarna is hy na Rustenburg om die Van Rensburgregering te beskerm. Jan Viljoen het met sy "volksleër" na Rustenburg getrek om met Kruger af te reken. Paul Kruger het hom op 5 Januarie 1864 met 'n staatsleer van 'n geringer getal burgers by Swartkoppies aan die Krokodilrivier in 'n hinderlaag gelok en sy "volksleër" verslaan. Aan die "volksleër" se kant het 45 man geval — dood en gewond, en 9 aan die kant van die "staatsleër". M.W. Pretorius het bemiddel. Viljoen het die Van Rensburgregering erken, maar daar is ooreengekom op 'n nuwe presidentsverkiesing. Dié keer het M.W. Pretorius die paal gehaal. Hy het 1 519 stemme teenoor Van Rensburg se 1 118 gekry. Op 4 Mei 1864 is amnestie aan die opstandelinge verleen en op 18 Mei is M.W. Pretorius as die derde president van die S.A. Republiek ingesweer. Dit het sy volgelinge tot rus gebring.

Daarmee het W.C. Janse van Rensburg, die tweede president van die S.A. Republiek, van die toneel verdwyn. Op 13 Augustus 1865 is hy oorlede en op sy plaas Kafferskraal ter ruste gelê.

Is hy werd om onthou te word? Die hoogtepunt van sy lewe het geval in 'n periode van burgeronluste, opstand, kommandering, onrus en ontevredenheid, 'n periode waarin burgers teen mekaar geveg en mekaar doodgeskiet het, 'n tydperk wat hulle om verstaanbare redes liewer wou vergeet en waaroor hulle skaam was. Vir pres. Van Rensburg sou die gevolge van die burgeroorloë gespaar bly: agteruitgang van die staat, verarming van die burgers, demoralisasie, gebrek aan patriotisme, onwilligheid om nuwe, vooruitstrewende wette te aanvaar, en by die verswakking van die Blankes, samewerking en opstande van die Swartes teen Blanke gesag, wat verdere oorloë gebring het. Van al dié dinge sou Van Rensburg nie weet nie.

In 'n tydperk van staatkundige verwarring en anargie het pres. Van Rensburg kop gehou, op die Grondwet stelling ingeneem en die "staat" gehandhaaf, gerugsteun deur kmdt.-genl. Paul Kruger, die militêre arm van die staat. Terwyl Schoeman gewankel het, het pres. Van Rensburg koers gehou en 'n reguit pad geloop. In 'n donker tydperk was sy optrede 'n ligpunt. Hy het geveg vir wat hy geweet het reg is en daarmee 'n diens aan sy

land en volk bewys. Hy het ook diens gelewer nieteenstaande swak gesondheid en in die wete dat hy sy gesin nie behoorlik kan versorg nie. As boer wou hy liewer op sy plaas wees. Maar plig en verantwoordelikheidsgevoel het hom teen wil en dank in die hoogste staatsbetrekking gehou.

Sy diens het nie om geldelike voordele gegaan nie, want die staat was arm. Hy was nie selfsugtig, eersugtig of ambisieus nie. Hierdie skraal, blondekopman van oor die ses voet het deur sy beleid van vrede en versoening, sy onselfsugtigheid en selfopoffering die eer van 'n pionierstaat waaroor daar in ander dele van Suid-Afrika baie geskinder is, hoog gehou. Hoewel nie 'n ontwikkelde man en 'n uitblinkende leier nie, was hy 'n simbool van die staatsgesag. Hy het effektief wal gegooi teen 'n vloed van opstandigheid en miskenning van die staat.

W.C. Janse van Rensburg was 'n pionier onder pioniere wat na die ordening en die handhawing van gesag in 'n nuwe samelewing gestreef het. Met die vestiging van nuwe state in ander dele van die wêreld en tans in Afrika was soortgelyke toestande as wat in die wordings- en worsteljare van die Suid-Afrikaanse Republiek geheers het, nie onbekend nie. Dit was groeipyne. Willem van Rensburg het gehelp om daardie groeipyne te versag.

Hy verdien om deur sy afstammelinge en sy volk onthou te word en 'n ereplek in te neem in die ry van gewese leiers. As 'n mens daaraan dink dat hy op 45-jarige leeftyd die betrekking van staatspresident beklee het, is dit 'n nie ongewone prestasie vir Willem Cornelis Janse van Rensburg (soos hy sy naam geskryf het) om dit tot die hoogste pos van sy Republiek te gebring het nie.